

18 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 35:1-10
Fokusgedeelte: Jesaja 35:3, 4

Die koms van die Verlosser bring nuwe lewe, hoop en vreugde

In ryke beeldspraak word die seën van die koms van die Verlosser beskryf: blomme in die woestyn, moed vir die moedeloses, krag in slap hande en veerkrag vir lam knieë, sig vir blindes en gehoor vir dowes. Vir dié wat gered word is daar 'n nuwe pad tot in die stad van God. Vir hulle is daar blywende vreugde en vrede. So sal die koms van die Verlosser, Jesus Christus, 'n nuwe tydvak laat aanbreek. Nuwe lewe, hoop en vreugde was die verwagting vir sy koms.

So het dit ook gebeur! Sy verlossingsdade het mense uit die mag van sonde, die duiwel en die heidense wêreld verlos. Jesus is die weg, die waarheid en die lewe. Deur sy verlossingswerk kry sondaars verlossing en het hulle toegang tot die pad van die lewe, maar die volle heerlijkheid is nog uitstaande. Jesus sal weer kom en dan sal alles volmaak nuut gemaak word. Daarop kan ons met sekerheid hoop.

Sing: Psalm 9:1, 2, 3 (Totius)

Dr. Callie Opperman